Pieter Rheeder - Makwassie

Graag wil ek die Drie-enige God die eer en dank gee vir die voorreg om "die avontuur van manwees kamp" te kon beleef. Daar is geleenthede in hierdie lewe wat n mens kry wat vir altyd by jou bly omdat dit n verskil in jou lewe maak. Ek glo dat hierdie kamp vir my ongelooflik baie beteken het omdat ek gesoek het na soveel meer, ek het die kosbare inligting wat John Eldredge in sy boek weergee verstaan maar ek kon op die kamp die geleentheid kry om te fokus op dit wat die Here vir my deur dit alles se. Ek het in 2002 vir die eerste keer John Eldredge se boek" Die ongetemde hart" gelees. Ek is n lidmaat van die Hervormde kerk en ek kan met groot verlange bid dat enige man wat soek na Jesus, hierdie kamp moet beleef. Dit wat ek sondae in my kerk hoor kan ek met vreugde assosieer in die aanbieding van hierdie waarheid. Ek weet ook dat die tyd wat elkeen gegee word om self te gaan werk aan jou verhouding met God, ontsettend belangrik is. DIT is wat die kamp jou bied wat jy nie jouself bied as jy jou lewe reel in jou daaglikse doen en late nie. Ek kan maar net elke man aanmoedig om hierdie geleentheid aan te gryp en jouself te verryk met kennis van Manwees soos God dit bedoel het. Daar is soveel meer in hierdie lewe wat die vyand jou ontneem deur sy leuens maar wat joune is omdat Jesus die verskil kom maak het. Ons hoor baie dat ons voluit moet leef, ek glo ook dat die heerlikheid van God is die mens wat voluit leef.

Dit is tog die lewe wat ons soek !

GENIET DIT !